## 30 September - SAAD

**Skrif- en Fokusgedeelte: Matteus 13:31-32**

Soms voel ons die invloed van ons geloof is bitter klein op die wêreldtoneel.

In Jesus se tyd was sy koninkryk skynbaar ook baie onbelangrik Aanvanklik het Jesus se wonders en sy die boodskap mense getrek. Gou was dit egter duidelik: sy koninkryk gaan nie oor mag en aardse koninkryke nie. Jesus was met blindes, sondaars en tollenaars besig – mensies na wie konings, belangrike mense en selfs die Fariseërs nie twee keer sou kyk nie ...

Jesus gebruik dan die mosterdsaad om te wys ons hoef nie sy koninkryk se klein begin te minag nie.

Die swart mosterdsaad van destyds was baie klein. So piepklein lyk die invloed van Christus se koninkryk aanvanklik. Die soort mosterdsaadjie word egter later 'n groot struik. So sal die invloed van die Vader se koninkryk later oor die wêreld heen groei.

Moenie die dag van klein dingetjies verag nie; só kan ons Jesus se les aan sy volgelinge opsom. Daar is eenvoudige vissers, straatvroue en tollenaars onder hulle. Wat God egter deur hulle doen, is uiteindelik vir die wye wêreld 'n seën. Jesus se verlossingplan vir miljoene begin by 'n baba in 'n krip. Uit 'n timmermanshuisie is Jesus se verlossingsplan onder gewone mense in Israel voortgesit.

Dit het gelyk of sy koninkryk doodgeloop het aan die kruis; en tog – die boom van die geloof in Jesus sprei vandag sy takke tot aan die uithoeke van die wêreld.

Baie mag dink jou geloof in Christus is bespotlik, klein en betekenisloos. Jy deel egter met jou geloof in die vrugte van 'n boom wat onkeerbaar groot geword het – tot by die verste eindes van ons wêreld is daar kinders van die Here. Daar is biljoene.

Jy behoort aan 'n skare gelowiges wat eendag voor die troon van God sal staan. Christus het vandag biljoene volgelinge.

*Sing: Psalm 47:1 (2001-omdigting)* *Ds KAJ van Rensburg (Paarl)*